

## WAAROM HET DIE “BITTEREINDERS” GEDURENDE DIE ANGLO-BOEREOORLOG VAN 1899-1902 OP KOMMANDO GEBLY?

Fransjohan Pretorius

*Universiteit van Pretoria*

### Why did the “Bittereinders” remain on commando during the Anglo-Boer War of 1899-1902?

Various reasons can be put forward for the decision of the “Bittereinders” to remain on commando “until the bitter end” and not to forsake the Republican war effort as did the “Handsoppers”. In this article eight factors are singled out: patriotism and a desire for independence; religious beliefs; resistance to the British scorched-earth policy; the role played by the Boer leaders in encouraging their men; favourable but false rumours; fear of captivity; the hold that group feeling had on the burghers; and the phenomenon that their existence on commando had become such a way of life to some of the burghers, that they were not prepared to renounce it. It can be accepted that reasons such as these did not weigh equally with all “Bittereinders” and that a combination of factors influenced a burgher to remain on commando. In May 1902 the Boer delegates at Vereeniging were, however, of the opinion that circumstances were such that peace was desirable, even though this meant sacrificing the independence of the Boer Republics.

Verskeie redes kan aangevoer word vir die besluit van die “Bittereinders” van die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 om op kommando te bly en nie soos die ‘hendsoppers’ die Republikeinse oorlogspoging te versak nie. ’n Agttal faktore word in hierdie artikel uitgelig: ’n vaderlandsliefde en onafhanklikheidsin; godsdiensbeskouings; weerstand teen die Britse verskroeiende aarde-beleid; die bemoedigingsrol van Boereleiers; gunstige maar valse gerugte; vrees vir krygsgevangeneming; die houvas van die groepsgevoel; en die verskynsel dat oorlogvoering en die bestaan op kommando ’n lewenswyse geword het waarvan sommige burgers nie wou afstand doen nie. Daar kan aanvaar word dat spesifieke redes nie ewe sterk by alle bittereinders aanwesig was nie en dat ’n kombinasie van verskeie faktore ’n burger laat volhard het. Die Boere-afgevaardigdes by Vereeniging was egter in Mei 1902 van oordeel dat omstandighede sodanig ontwikkel het dat vrede gewens was, al het dit die prysgawe van die onafhanklikheid van die Boererepublieke beteken.

Op 31 Mei 1902 het die Vrede van Vereeniging ’n einde gebring aan die Tweede Anglo-Boereoorlog wat vir twee jaar en agt maande op die Suid-Afrikaanse veld gewoed het. Iets meer as 20 000 burgers wat nog op kommando was, moes die wapen neerlê.<sup>1</sup> Hulle was bekend as die “Bittereinders”. Dit was die groep wat “tot die bitter einde” op kommando gebly het nadat ongeveer 20 000 ander burgers krygsgevangene geneem was,<sup>2</sup> en ’n tweede groep van tussen 15 000 en 18 000 man gedurende die oorlog die wapen neergelê het.<sup>3</sup>

In die sewentigerjare het Albert Grundlingh die vraag ondersoek waarom sekere Vry-staatse en Transvaalse burgers die Republikeinse oorlogspoging vanaf 1900 versak het deur die wapen aan Boerekant neer te lê.<sup>4</sup> In hierdie artikel poog ons egter om ’n antwoord op pre-

- 
1. J.D. Kestell & D.E. van Velden, *De vredesonderhandelingen tusschen de regeeringen der twee Zuid-Afrikaansche Republieken en de vertegenwoordigers der Britsche regeering* (Pretoria, 1909), pp. 56-57 en 61.
  2. F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Kaapstad, 1985), p. 49.
  3. A.M. Grundlingh, *Die “Hendsoppers” en “Joiners”* (Pretoria, 1979), pp. 23, 133 en 151.
  4. *Ibid.*, *passim*.

sies die teenoorgestelde vraag te vind, naamlik: Waarom het die “Bittereinders” tot die einde op kommando gebly terwyl dit klaarblyklik teen alle redelikheid ingedruis het?

’n Aantal faktore was besonder bepalend vir die besluit van die “Bittereinders” om op kommando te bly. Daar kan aanvaar word dat spesifieke redes nie ewe sterk by alle bittereinders aanwesig was nie en dat ’n kombinasie van verskeie redes ’n burger tot die einde toe laat volhard het.

### **’n Vaderlandsliefde en onafhanklikheidsin**

Ten eerste was daar ’n wydverspreide vaderlands- en vryheidsliefde wat allereers op die onafhanklikheid van die Republieke toegespits was, maar ook met ’n meer omvattende nasionalisme saamgehang het. Die rol wat nasionalisme in die motivering van die burgers gespeel het, is ingewikkelder as wat dit met die eerste oogopslag mag voorkom. Daar bestaan trouens vandag meningsverskille oor die oorsprong, opkoms en vroeë omvang van Afrikanernasionalisme.<sup>5</sup> Daar kan egter geen twyfel bestaan nie oor die belangrikheid van die verskerpende Britse imperialistiese optrede in Suid-Afrika sedert die laat sestigerjare van die 19de eeu wat met die Britse anneksasie van die ZAR in 1877 en die Eerste Anglo-Boereoorlog van 1880–1881 sy eerste hoogtepunte bereik het. Of dit nou ook eg of retories bedoel was, die aanvuurders van Afrikanernasionalisme het veel gemaak van die wyse waarop die Britte die Afrikaners sou vervolgt en verontreg het. Anti-Britse uitinge of gesindhede het dus ’n kern-element van die ontluikende ideologie van Afrikanernasionalisme geword. Nuwe gebeurtenisse is telkens tot die verledebeeld bygevoeg wat die gemoedere gaande gehou het. In die middelpunt hiervan was die toenemende spanning tussen Brittanje en die ZAR, veral sedert die Jameson-inval van 1895–1896. Die Jameson-inval het Afrikaners buite Transvaal, en allereers in die Vrystaat, nader aan hul Transvaalse volksgenote getrek. Die denkbeeld het onder Afrikaners posgevat dat Brittanje die Boererepublieke wou vernietig om Suid-Afrika te verbruts. Die houding en uitsprake van sir Alfred Milner en sir Joseph Chamberlain het hierdie vrese nie laat bedaar nie. Die Boererepublieke, en meer spesifiek die ZAR, is dus aan albei kante as hoeksteen van ’n opkomende Afrikanernasionaliteit beskou en voorgestel. So het die Boererepublieke die oorlog begin en voortgesit as ’n vryheids- en onafhanklikheidsstryd – primêr ’n stryd om die behoud van ’n eie onafhanklikheid, maar daarnaas ook ’n stryd ter wille van die Afrikanervolk in die hele Suid-Afrika.

Dit is ’n onbegonne taak om die individuele burger se presiese persepsie van die begrippe volk, vaderland, vryheid en onafhanklikheid te bepaal. Byvoorbeeld: was sy vaderland die ZAR, die Vrystaat, of Suid-Afrika? Was sy volk die Transvaalse volk, soos soms in vooroorlogse geskrifte vermeld is, of was dit die groter Afrikanerdom? Daar kan aanvaar word dat daar ook hier van burger tot burger verskille sou wees. Dit is met dergelike voorbehoude dat die rol van faktore soos patriotisme, nasionalisme, vryheidsliefde en onafhanklikheidsdrang beskou moet word. Daar was, te midde van die bitterheid teenoor die vyand, van meet af aan oral opwellings en uitinge van dergelike gevoelens sigbaar. “Ons sal die Engelse in die see jaag!” en “Ons gaan piesangs eet in Suid-Natal!”, was spontane uitsprake wat onderweg na die fronte gehoor is. “Kaapstad of bars”, was die slagspreuk op die hoedbande van ’n paar burgers naby Colesberg aan die suidelike front. Republikeinse vaandels en vlae is lustig geswaai en vroue-

---

Vgl. F.A. van Jaarsveld, *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn, 1868–1881* (Johannesburg, 1957), *passim*; S.F. Malan, *Politieke strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek* (Durban, 1982), *passim*; H. Giliomee, “Constructing Afrikaner nationalism”, *Standpunte*, 27(5), Oktober 1984, p. 287; H. Giliomee, “The beginnings of Afrikaner nationalism, 1870–1915”, *South African Historical Journal*, 19, November 1987, pp. 115–142.

komitees het vlae aangestuurt waarop slagspreuke soos "God beskerme het Recht" geborduur was.<sup>6</sup> Uitsprake oor hul vaderlandsliefde was aan die begin van die stryd talryk. "Zij hadden hun land lief en geloofden ten volle, dat de oorlog noodzakelijk was voor het behoud hunner onafhankelijkheid en nationaliteit", het Nico Hofmeyr verslag gelewer van die gees aan die Natalse front met die uitbreek van die oorlog.<sup>7</sup> Roelof de Boer, lid van die Lydenburgkommando, het teen einde November 1899 van buite Ladysmith af aan sy vrou geskryf dat hy baie na haar verlang, "maar als pligt mij roept zal ik gehoorzamen."<sup>8</sup> Van dieselfde front af het Joachim Potgieter van die Heilbronnkommando sy broer ná die oorwinning by Colenso in Desember 1899 meegedeel: "Nu kunnen wij zien dat de Afrikaners waarlijk wakker geworden zijn. Nu is het tijd dat wij onze onafhankelijkheid moeten en zullen krijgen."<sup>9</sup> Einde Januarie 1900 het J.P. Bredell ook van hier af aan sy vriendin geskryf dat die ganse bestaan van die Afrikaners op die spel is. Bekommerd het hy bygevoeg: "En wee ons indien die Rooies de overhand krygen."<sup>10</sup>

Afrikanernasionalisme was in die eerste jaar van die oorlog egter nie by alle burgers 'n innige oortuiging nie. Toe die fronte in Maart 1900 eers verbrokkel en die Britse magte in hul opmars na Pretoria alle teenstand uit die pad vee, het talle burgers by wie 'n vaderlandsliefde nie sterk ontwikkel was nie, voor die proklamasies van lord Roberts geswig en die wapen neergelê. Daar word bereken dat daar in die tydperk Maart tot Julie 1900 minstens 12 000 burgers die wapen neergelê het.<sup>11</sup>

Ofskoon hierdie wapenneerleggings 'n beduidende gedeelte van die burgers van die oorlogstoneel verwyder het, burgers by wie eiebelang die swaarste gewee het, was 'n volhardende vaderlandsliefde ook geensins 'n kenmerk van alle burgers wat in die guerrillafase nog op kommando was nie. Daarvan getuig die getal van sowat 6 000 wapenneerlêers vir die tydperk Januarie 1901 tot Mei 1902.<sup>12</sup> Reeds in die tweede helfte van 1900 was daar egter 'n belangrike ontwikkeling in die kollektiewe mentaliteit van die burgers op kommando, en dit was dat die gebrek aan offervaardigheid wat aan die begin so swaar gewee het, toenemend in die guerrillafase verdwyn en plek gemaak het vir 'n vasberadenheid om die oorlog teen elke prys voort te sit. 'n Samehorigheidsgevoel in die stryd het ontwaak wat veroorsaak het dat verreweg die meeste burgers wat nog op kommando was, hulself geestelik kon sterk om tot die

6. N. Hofmeyr, *Zes maanden bij de commando's* ('s-Gravenhage, 1903), p. 325; D. Reitz, *Commando* (London, 1929), p. 21; H.J. May, *Music of the guns* (London, 1970), p. 16; D.S. van Warmelo, *Mijn commando en guerilla commando-leven* (Amsterdam, 1901), p. 23; M. Maritz, *My lewe en strewes* (Johannesburg, 1939), p. 10; A.G. Oberholster, *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers* (Pretoria, 1978), 28.11.1899, p. 36 en 2.12.1899, p. 39; Transvaalse Argiefbewaarpark (hierna TAB), Argief van die Kommandant-generaal (hierna KG), 818, Dames onder mev. M.E. Coetsee van Belfast – P.J. Joubert, 16.12.1899, p. 57; H.C. Hillegas, *With the Boer forces*, 4e uitg. (London, 1900), pp. 79–80; C.H. Muller, *Oorlogsherinneringe* (Kaapstad, 1936), p. 23; F. Pretorius, "Life on commando", P. Warwick & S.B. Spies, *The South African War* (London, 1980), p. 107.

7. N. Hofmeyr, p. 29. Kyk ook pp. 16, 18 en 19.

8. TAB, A246, R. de Boer-aanwinst, R. de Boer – Vrou, 26.11.1899.

9. Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein (hierna OM), Korrespondensie, Léer 6, J. Potgieter – Broer, 20.12.1899. Vgl. TAB, A878, J.S. Smitversameling, 35, D.J.C. Pieterse – L. Williams, 24.1.1900; A.G. Oberholster, 11.11.1899, p. 24 en 13.11.1899, p. 25; Private versameling, F.H. Beyers, Korrespondensie van C.F. Beyers, Colesberg, 9.12.1899, p. 3; J.H. Meyer, *Kommando-jare* (Kaapstad, 1971), pp. 9–11; C. Plokhoo, *Met den Mauser*, 2e uitg. (Gorinchem, 1902), p. 6; H.J.C. Pieterse, *My tweede vryheidstryd* (Kaapstad, 1945), pp. 4–7; J.F. Naudé, *Vechten en vluchten van Beyers en Kemp "bókant" de Wet* (Rotterdam, 1903), pp. 24, 25–26 en 67.

10. TAB, A1361, Dinah Badenhorst-aanwinst, C, J.P. Bredell – D. Badenhorst, 24.1.1900.

11. A.M. Grundlingh, pp. 23 en 133.

12. Ibid., p. 133.

einde aan die Boeresaaik getrou te wees.<sup>13</sup> Die teenslae van die voorafgaande tyd, sê Roland Schikkerling van die Johannesburgkommando, was in 'n sekere sin 'n loutering waaruit net die stoere en onwrikbare manne getree het. "Oor die algemeen het ons 'n voller nasionale bewuswording ondervind."<sup>14</sup>

Uitsprake van burgers wat hierdie kragtiger nasionalisme en onafhanklikheidsin as die rede vir hul volharding op kommando bied, bestaan in ruime mate. In Januarie 1901 het Dirk van Velden vanuit die Regeringslaer van die ZAR in die Middelburgdistrik aan 'n vriend geskryf dat daar slegs één weg is: "Blijf bij je volk tot het einde toe."<sup>15</sup> Onbewus daarvan dat die Vrede 'n paar dae tevore gesluit is, het P.J. du Plessis vroeg in Junie 1902 naby Cradock in die Oos-Kaap 'n ouer burger betig omdat hy van besoldiging vir sy diens op kommando gepraat het. "Nee, oom Tys, ons veg nie vir geld nie. Ons veg net vir die vryheid en behoud van die twee Republieke! . . . 'n Mens moet 'n oortuiging en ideaal hê, anders help al hierdie swaarkry niks nie."<sup>16</sup> Die stryd het dus vir menige burger 'n dure plig geword en pligsgevoel 'n belangrike aansporing om op kommando te bly. Ná die Britse besetting van die Delagoabaaispoorlyn het Philip Pienaar in Oktober 1900 in Oos-Transvaal verklaar dat die burgers sal aanhou – nie omdat hulle van sukses verseker is nie, maar omdat dit hul plig is.<sup>17</sup> Hulle lyding is vrywillig, sê Dietlof van Warmelo in September 1900, maar hulle word tog deur pligs- en eergevoel daartoe gedwing.<sup>18</sup> Die later bekende digter, Jan Celliers, het in September 1901 op kommando die saak vir homself uitgemaak: "Ik kan niet terug van den ingeslagen weg, mijn plicht is duidelijk en ondubbelzinnig . . . Ik mag en kan nergens anders zijn dan hier." En dan redeneer hy dat indien dit in sy kop kom om oor te gee, hy óf in krygsgevangenskap weggevoer óf toegelaat sal word om by sy familie te wees. In die eerste geval is hy dan tog weg van huis en in beide gevalle sal 'n sielewroeging hom martel in vergelyking waarmee die huidige smart soos niks sal wees nie.<sup>19</sup>

Tydens genl. C.R. de Wet se tweede mislukte invalspoging in die Kaapkolonie in Februarie 1901 het D.W. Steyn van die Heilbronnkommando geweier om soos sommige ander burgers vanweë die swaarkry huis toe te gaan: "Ik was getrouw aan myn roepen en wou niet ontrouw wees", skryf hy.<sup>20</sup> Die ontsettende lyding op hierdie tog het R.D. McDonald laat opmerk dat hy die burgers hul uithou vermoë, geduld en vasberadenheid bewonder het. Dit was vir hom as prediker 'n plesier om vir sulke manne te dien wat hul vaderland liefhet. Hulle, wat bereid is om alles vir hul vryheid op te offer, moet tog sekerlik eindelik seëvier? het hy gevra.<sup>21</sup> De Wet het gevoel dat die burgers wat hy met hom op hierdie tog gehad het, van die regte stempel was wat alles ten offer kon bring vir die vryheid van die volk. Hulle het besef dat vryheid "iets van zulk een waarde was, dat de wereld, van het bestaan des menschdoms af, geen prijs daarvoor gekend had."<sup>22</sup>

Die reaksie van talle burgers op die mislukte vredesamesprekings tussen genl. Louis Botha en lord Kitchener by Middelburg in Februarie 1901 het duidelik getoon dat hul onafhanklikheidstrewe hulle in die veld hou. Volgens J.F. Naudé was die burgers verontwaardig oor

13. F. Pretorius, "Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902" (Ongep. D Litt et Phil thesis, Unisa, 1988), pp. 280-282; J.F. Naudé, pp. 235-236 en 263.

14. R.W. Schikkerling, *Hoe ry die Boere* (Johannesburg, 1964), pp. 57-58.

15. TAB, A464, P.J. Louw-aanwins, D. van Velden – Ene Hendrik, 29.1.1901.

16. P.J. du Plessis, *Oomblikke van spanning* (Kaapstad, 1938), pp. 173-174.

17. P. Pienaar, *With Steyn and de Wet* (London, 1902), p. 173.

18. D.S. van Warmelo, p. 85.

19. A.G. Oberholster, 26 en 29.9.1901, pp. 294 en 295.

20. OM, Herinneringe, 5774/1, Herinneringe van D.W. Steyn, p. 1.

21. P.H. Kritzinger & R.D. McDonald, *In the shadow of death* (London, 1904), pp. 66 en 69.

22. C.R. de Wet, *De strijd tusschen Boer en Brit* (Amsterdam, 1902), pp. 278-279.

Kitchener se voorstelle: “Hoe verlangend allen ook waren naar vrede, wilde niemand daarvan hooren als de onafhankelĳkheid daarvoor zou moeten prijs gegee worden.” Dit was duidelik, gaan Naudé voort, dat die burgers vasbeslote was om tot die einde toe te volhard en dat hul gees nog gloeiend was vir die onafhanklikheid waarvoor hulle soveel opgeoffer het en nog gewillig was om op te offer.<sup>23</sup>

Die gedagte dat hulle reeds te veel opgeoffer het om nou oor te gee, kom meer dikwels voor. Vanuit die Aberdeense distrik in die Oos-Kaap het kmdt. Gideon Scheepers in Julie 1901 aan De Wet geskryf dat te veel dapper burgers se bloed reeds gevloei het vir hulle om die stryd gewonne te gee. Om enigsins te dink dat hulle slawerny onder Brittanje as erfdeel aan die opkomende geslag moet gee, maak hulle vasberade om tot die dood te veg.<sup>24</sup> Ses maande later het Scheepers voor ’n Britse vuurpeloton gesterf. Ook ander het gevoel dat hulle te veel gely en opgeoffer het om die stryd gewonne te gee.<sup>25</sup>

Dit ly geen twyfel nie dat die meeste burgers wat hier aangehaal is, goed begryp het wat hul onafhanklikheid en vryheid alles beteken het. Minder ontwikkelde burgers het moontlik nie oor dieselfde insig beskik nie. Nogtans het McDonald verduidelik: “A Boer may not exactly know all that independence includes; he may not be able to enumerate the benefits accruing from it, but instinctively he covets it as a jewel of great price.”<sup>26</sup> Dit het trouens vir die “Bittereinders” saak gemaak om onder die getroues gereken te word, soos Marthinus Viljoen van die Heidelbergkommando in Oos-Transvaal einde April 1902 dit uitgedruk het.<sup>27</sup> En H. Hilhorst van die Swazilandse kommando het kort ná die oorlog aan sy ouers geskryf: “Dat ik tot het einde toe aan mijn Regeering getrouw was, daar ben ik trotsch op.”<sup>28</sup>

Of daar by die meeste burgers ’n breër nasionalisme was wat oor die grense van hul Republieke en oor die hele Suid-Afrika gestrek het, is ’n moeiliker vraag. Daar was wel diegene wat ’n verenigde Suid-Afrika van Afrikaners en Afrikanervriende in Suid-Afrika as die einddoel gesien het. Voorbeelde daarvan was persone soos genl. Jan Smuts wat dit reeds vóór die oorlog in die propaganda-pamflet van die ZAR, *Een eeuw van onrecht*, aangeroer het,<sup>29</sup> J.F. Naudé wat in sy dagboek op kommando en in sy gepubliseerde herinneringe in 1903 daaroor gedroom het,<sup>30</sup> en ene J.J. Theron wat in *De Volksstem* van 24 April 1900 ’n verenigde Suid-Afrika bepleit het. Vele uitinge van die burgers op kommando het egter ’n meer beperkte nasionalisme soos dié van pres. Paul Kruger met sy sterk Transvaalsentriese inslag, in gedagte gehad. Hierdie burgers het die onafhanklikheid van die Republieke of slegs hul eie Republiek voor oë gehad. Om die vyand uit die Republieke te verdryf en hul onafhanklikheid terug te kry – dit was die onmiddellike doel. Verder as dit het baie van hulle blykbaar nie gedink nie.

In die karakter van die Boer was daar ’n eienskap om hierdie vryheidstrewes uit te lewe. J.C. Asselbergs het op kommando bevind dat die Boere ’n sekere lydsaamheid besit wat hulle in staat stel om iets wat hulle eenmaal begin het, lank vol te hou. Waar dit heelwat moeite kos om

23. J.F. Naudé, p. 235.

24. TAB, A239, Maj. A.L. la C. Bartrop-aanwins, G.J. Scheepers – C.R. de Wet, 3.7.1901.

25. J.F. Naudé, pp. 235-236. Vgl. J.C.G. Kemp, *Vir vryheid en vir reg* (Kaapstad, 1941), pp. 377-378; D.S. van Warmelo, p. 198; R.W. Schikkerling, 22.3.1901, p. 153.

26. P.H. Kritzinger & R.D. McDonald, p. 124.

27. TAB, W81, Viljoen-aanwins, 3, M.J. Viljoen, Dagboek no. 10, 29.4.1902.

28. TAB, A283, H. Hilhorst-aanwins, 1902, H. Hilhorst – Ouers in Nederland, 12.7.1902.

29. F.W. Reitz, *Een eeuw van onrecht* (Dordrecht, 1900), p. 62. Staatsekretaris F.W. Reitz se naam is op die pamflet aangebring, dog dit is bekend dat Smuts en Jimmy Roos die skrywers was, met Smuts se bydrae die grootste (W.K. Hancock & J. van der Poel, *Selections from the Smuts Papers* (Cambridge, 1966), I, p. 476; C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front* (Kaapstad, 1970), p. 47.

30. Vrystaatse Argiefbewaarpark (hierna VAB), A119, Renierversameling, No. 420, Dagboek van J.F. Naudé, 14.11.1899; J.F. Naudé, pp. 52-53 en 55.

hulle in beweging te bring, is dit ook so dat wanneer hulle eers besluit het om hul leier in 'n bepaalde rigting te volg, hulle dit nie gou opgee nie. Hulle is flegmaties en gaan in hul gemoed nie maklik van een toestand in 'n ander oor nie. "Ik ben dan ook bepaal van oordeel", besluit Asselbergs, "dat hun volhouden van den stryd vooral te danken is aan eene actie, die zich niet uit een krachtig handelen doch wel in een hoogen graad van taaheid en volharding."<sup>31</sup>

### Godsdiensbeskouings

Godsdiens en nasionalisme was by die deursnee Afrikaner besonder nou verweef. Robert de Kersauson de Pennendreff, 'n Franse vrywilliger by Smuts in die Noordwes-Kaap, het in April 1902 in sy dagboek gewag gemaak van Smuts se toespraak in die kerk van Concordia waarin hy 'n beroep op die burgers gedoen het om met hernieude ywer vir hul vryheid en onafhanklikheid te veg, waarop die predikant (waarskynlik ds. A.P. Kriel) die preekstoel bestyg en 'n diens gelei het. Die Fransman het voortgegaan dat dit vir 'n Europeër vreemd mag voorkom dat 'n generaal sy manskappe in 'n kerk kan saamroep om hulle toe te spreek en aan te moedig om te veg; maar na wat hy in Transvaal, die Vrystaat en die Kaapkolonie gesien het, het hy dit verstaan. Hy het trouens sterk onder die indruk gekom dat daar by die Boere 'n noue verband tussen hul geloof en die oorlogspoging was.<sup>32</sup>

In samehang met die gevoel van nasionalisme het die godsdiensbeskouing van die Afrikaner gevolglik daarvoor gesorg dat menige burger tot die einde op kommando gebly het. Die roepingsbewustheid van sommige, waarvolgens hulle geglo het dat God die Afrikaner geroep het om hierdie land as 'n vrye erfdeel te bewoon, en die opvatting dat God aan hulle kant is, het veel hiertoe bygedra. Ook die beskouing dat hulle op God moet vertrou maar terselfdertyd hulle plig doen en dat Hy ten spyte van die grootste lyding en ellende op Sy tyd redding sal skenk,<sup>33</sup> het van sommige burgers "Bittereinders" gemaak. Die gedagte dat hulle vir 'n heilige en regverdige saak stry, het eweneens verhoed dat van die burgers die wapen neerlê. Teen einde September 1900, 'n jaar nadat die eerste burgers na die front vertrek het, het J.F. Naudé in Pietersburg die toestand in oënskou geneem. Die toekoms was gewis donker en niemand kon sê hoe hulle sou kon volhou nie. "Wij gingen alleen voort", verduidelik hy, "gesterkt door de rechtvaardigheid onzer zaak en met het oog des geloofs steeds op den Heer gericht."<sup>34</sup> Van Warmelo vertel dat hulle teen Maart 1901 reeds geleer het om in hul lot te berus, want hulle het vrywillig gely en mekaar versterk en opgebeur met die wete dat hulle vir die heilige reg van 'n onafhanklike bestaan leef en sterf.<sup>35</sup> Teen einde Junie 1901 het genl. J.H. de la Rey aan sy burgers in Wes-Transvaal gerapporteer dat die Boereleiers van die twee Republieke ná same-sprekings in Oos-Transvaal lord Kitchener in kennis gestel het dat daar vir hulle geen ander weg was nie as om tot die bitter einde te veg. Na aanleiding hiervan vertel De la Rey in sy herinneringe dat dit natuurlik vir die burgers swaar was dat hulle ná soveel lyding en opoffering van alles wat vir hulle lief en dierbaar was nog geen lig kon sien nie. Maar, sê hy, selfs in sulke donker nagte was hul antwoord: "God regeert en Hy heeft de oorlog doen beginnen en ook zal Hy het op zynen tyd be-eindigen, want . . . wy vechten niet om ons land te vergroten . . . maar wy vechten slechts om ons heilig recht te behouden."<sup>36</sup>

31. TAB, A1149, Anglo-Boereoorlog-aanwinst, Toespraak van J.C. Asselbergs voor Rotariërs in Nederland, g.d., p. 6.

32. R. de Kersauson de Pennendreff, *Ek en die Vierkleur* (Johannesburg, 1960), 26.4.1902, pp. 120-121.

33. F. Pretorius, "Kommandolewe", pp. 228-236.

34. Ibid.; J.F. Naudé, p. 175.

35. D.S. van Warmelo, pp. 192-193.

36. TAB, A313, Genl. J.H. de la Reyversameling, 17, Herinneringe van De la Rey, p. 38.

Die geestelike verdieping wat daar by menige burger in die loop van die stryd plaasgevind het,<sup>37</sup> het ongetwyfeld daartoe bygedra dat daar van hulle tot die einde op kommando volhard het. In Januarie 1902 het Jan Smuts in 'n brief aan die bekende kampvegter vir die Boere in Engeland, W.T. Stead, vertel van die geestelike verdieping by die burgers en hul strewe om hul onafhanklikheid te behou. Hy het voortgegaan: "This aspiration, purified and deepened a hundredfold by loss and suffering and sorrow during the course of the war, remains today the most vital and vitalizing force in the Boer mind, and must be carefully studied by all who wish to understand the true conditions of the continuance of the present war . . . This view, which will seem strange and unintelligible to matter-of-fact politicians, is today held by the bulk of the Boers in the field and explains much which must otherwise forever remain inexplicable. To call them names – to call them pig-headed or obstinate or fanatical – explains nothing, and one must explore to a deeper level of their national consciousness in order to find the true cause of their unique persistence in the face of the most appalling sufferings and discouragements."<sup>38</sup> P.J. du Plessis het dan ook in die Oos-Kaap erken dat dit die ondersteunende genade van God en hul doelbewuste ideaal van onafhanklikheid was wat hulle gedurig aangespoor het. In Oos-Transvaal het Marthinus Viljoen in Januarie 1902 ronduit in sy dagboek verklaar: "Het is goddelijke steun die dit alles gaande houdt."<sup>39</sup>

### Weerstand teen die Britse verskroeiende aarde-beleid

'n Derde faktor wat met die voorafgaande saamgehang het, was die vasberadenheid onder die burgers om die stryd voort te sit namate die Britse verskroeiende aarde-beleid rondom hulle verwoesting gesaai het. S.B. Spies het in 1977 gesuggereer dat hierdie beleid waarmee lords Roberts en Kitchener gehoop het om die stryd tot 'n spoedige einde te bring, die teenoorgestelde uitwerking gehad het en dat daar grond vir die bewering is dat die beleid in werklikheid die stryd verleng het. Hy haal 'n opmerking van kmdt. L.E. Krause aan Lionel Curtis aan dat die burgers op kommando bly omdat hulle vanweë die afbrandings nie meer huise het om na te gaan nie.<sup>40</sup> Daar bestaan 'n magdom getuienis wat daarop dui dat Spies se aanname korrek is. In Julie 1900 het 'n Duitse vrywilliger by die Vrystaters, Oskar Hintrager, by twee geleenthede in sy dagboek aangeteekend dat die afbrandings die Boersaak bevoordeel, aangesien diegene wat nou geen tuiste meer het nie, nie meer, soos die Boere sê, "huis toe kan gaan nie".<sup>41</sup> Ander wat soortgelyke uitsprake gemaak het, was byvoorbeeld di. J.D. Kestell van Harrismith en J.P. Liebenberg van Bethal, genl. P.H. Kritzinger in die Kaapkolonie, kmdt. J. Krige van die ZARPS in Oos-Transvaal, J.F. Naudé by genl. J.C.G. Kemp se kommando's, J.F. van Wyk van die Wolmaransstadkommando en lt. Gerrit Boldingh, 'n Nederlandse artillerie-offisier by die Vrystaatse magte.<sup>42</sup>

Benewens die praktiese situasie dat daar eenvoudig nie meer 'n huis en gesin was om na te gaan nie, was daar 'n ideologiese rede wat basies weer op 'n nasionale gevoel neergekom het:

37. F. Pretorius, "Kommandolewe", pp. 228-236.

38. W.K. Hancock & J. van der Poel, I, pp. 477 en 479.

39. P.J. du Plessis, pp. 71-72; TAB, W81, Viljoen-aanwins, 3, M.J. Viljoen, Dagboek no. 10, 10.1.1902.

40. S.B. Spies, *Methods of barbarism?* (Kaapstad, 1977), pp. 285 en 293.

41. J.J. Oberholster, *Dagboek van Oskar Hintrager* (Bloemfontein, 1973), 13 en 27.7.1900, pp. 72 en 92.

42. J.D. Kestell, *Met de Boeren-commando's* (Amsterdam, 1903), p. 139; W.H. Ackermann, *Opsaal* (Johannesburg, 1969), p. 289; TAB, A239, Maj. A.L. la C. Bartrop-aanwins, Kennisgewing, P.H. Kritzinger, 6.1.1901; TAB, Prellerversameling, 68, Knipsel, *The Detroit Free Press*, 2.12.1901, p. 436; J.D. Kestell & D.E. van Velden, p. 178; J.F. van Wyk, *Die mauser knal* (Johannesburg, 1971), p. 111; G. Boldingh, *Een Hollandsch officier in Zuid-Afrika* (Rotterdam, 1903), pp. 48-49 en 187.

die verskroeiende aarde-beleid en die lyding van die vroue en kinders in die konsentrasiekampe het menige burger vasberade gemaak om die stryd teen Brittanje met alle mag tot die einde voort te sit. En ook hiervoor is daar talle verwysings. In Januarie 1902 het Smuts in sy genoemde brief aan W.T. Stead geskryf dat die Britse leerleiding die fout gemaak het om met die beleid van verskroeiende aarde te reken dat die Boere lafhartig is. "A weak man", merk hy op, "is broken by adversity; the sight of the ruin of his property and family is sufficient in most cases to utterly crush his spirit. On the other hand a brave and hardy spirit is braced up by adversity – he does not sink hopelessly under calamities and wrongs; if he is really brave these will only serve to nerve him to greater efforts, to grapple with adverse fate until he wrings from it a noble crown of victorious achievement."<sup>43</sup>

Onder die burgers was daar wel wroegende gewetes oor die vraag of die stryd nie te duur geword het nie, maar die ontsettende prys van ontbering en lyding het die waarde van die volk se vryheid en onafhanklikheid verhoog en die geteisterdes aangespoor om vol te hou. In Maart 1901 vertel Van Warmelo dat hulle dikwels onder mekaar praat of hulle nie maar ter wille van die vroue en kinders in die konsentrasiekampe wat in skreiende rampsalige toestande verkeer, die stryd moet opgee nie. Is die vaderland dan so ver bo die familie verheue dat onskuldige bloed vergiet moet word? Dit het menige uur van "zwaar inhameren op het wankelmoedige brein" gekos, sê hy, om te besef dat plig hulle gebied om te volhard.<sup>44</sup> In Maart 1902 het J.J. Heijnecke van die Potchefstroomkommando van die lyding van vroue en kinders in sy dagboek aangeteken: "Is det tog niet zwaar voor vleesch en bloed om het te draag en det voor ons eigen recht. Maar de volk van Afverka die draag al die smarte om een vry volk te weest. Die volk van Aferka zien beddende op tot God den Heer om hulp en redding."<sup>45</sup> Ses weke voor die Vrede skryf hy: "Ons land die al zoo veel duurbaar levens en bloed en tranne gekost hebben kan wij tog niet op geven, want wij hebben niets op aart meer over . . . Zoo wellen wij maar stryden tot overwennig maar op geven nooit."<sup>46</sup> J.H. Coetzer van die Marico-kommando was teen die einde van 1901 geskok om die verwoesting van sy afgebrande opstal te sien en te besef sy familie is weggevoer. Dit was genoeg om 'n wrok te kry en te sê: "Noit noit in ge nie liewers dood."<sup>47</sup>

### Die bemoedigingsrol van Boereleiers

'n Vierde faktor wat met nasionalisme en die godsdiensbeskouing van die deursnee burger saamgehang het om volharding in die stryd te bevorder, was die rol wat die Boereleiers gespeel het. Van Britse kant was daar bewerings dat die Boereleiers die burgers met leuens en valse

43. W.K. Hancock & J. van der Poel, I, p. 469.

44. D.S. van Warmelo, pp. 85, 158 en 198-199.

45. TAB, A1242, Dr. A.J. van Rooy-aanwins, Dagboek van J.J. Heijnecke, 16.3.1902.

46. Ibid., 17.4.1902.

47. TAB, A1594, Familie Röscher-aanwins, Herinneringe van H.J. Coetzer, p. 148. Vgl. TAB, Prellerversameling, 35, P.R. Viljoen – Onbekend, g.d. (1901); Ibid., 73, Herinneringe van P.E. van Wyk, p. 185; Ibid., Herinneringe van D.L. Hattingh, pp. 133-134; Ibid. 80, Herinneringe van L.E. Krause, p. 676; C.C.J. Badenhorst, *Uit den Boeren-Oorlog* (Amsterdam, 1903), p. 135; D. Reitz, pp. 148-149 en 150; J.F. Naudé, p. 263; J.D. Kestell, *Met de Boeren-commando's*, pp. 108 en 153; TAB, W81, Viljoen-aanwins, 3, M.J. Viljoen, Dagboek no. 4, 10.1.1902; J.C.G. Kemp, pp. 435-436; TAB, A140, F.V. Engelenburgversameling, 22, p. 425; P.H. Kritzinger & R.D. McDonald, p. 124; TAB, A1321, J.H. Breytenbach-aanwins, 1, *Die Spook*, 11.11.1900; H.J.C. Pieterse, *My tweede vryheidstryd*, p. 228; W.K. Hancock & J. van der Poel, I, p. 460.



propaganda op kommando hou.<sup>48</sup> Waarnemende pres. S.W. Burger van die ZAR het so 'n beskuldiging van Kitchener in April 1902 heftig ontken.<sup>49</sup> Op hierdie beskuldiging het *De Brandwacht*, mondstuk van die Vrystaatse regering in die laaste fase van die stryd, natuurlik afwysend gestaan. Maar ook 'n burger soos Jan Celliers het dit betwis.<sup>50</sup>

Ofskoon die burger op kommando wel 'n individualis was wat dikwels volgens sy eie oordeel op die krygsituasie gereageer het, ly dit egter geen twyfel nie dat die Boereleiers wel deeglik hul stempel op die oortuigings van die burgers afgedruk en hulle op allerlei maniere beïnvloed of beweeg het om die stryd vol te hou. Die invloed van die offisiere mag nie onderskat word nie. Daar was trouens 'n duidelike korrelasie tussen die gehalte van die offisiere en die gehalte van sy kommando.<sup>51</sup> J.A. Smith, 'n jong rebel wat in die Oos-Kaap onder genl. Wynand Malan en kmdte. Gideon Scheepers, Carel van Heerden en Piet van der Merwe geveg het, het die waarde van die offisiere in hierdie verband besonder hoog geag. Volgens hom het hulle 'n groot verantwoordelikheid gehad. Hulle moes nie net die kommando's lei nie, maar ook die burgers tot groot hoogtes inspireer. Deur woord en daad het die offisiere 'n groot invloed op die burgers uitgeoefen en was hulle altyd 'n sterkte. Smith het voortgegaan: "Wanneer ek soms op die punt staan om deur die gewaarwording van my eie swakheid of vrees oorval te word; wanneer ek begin huiwer of twyfel, het die gedagte aan hulle meteens weer die nodige moed in my gewek en my laat volg . . . In alles was hulle 'n voorbeeld en dit so deurdringend dat ek my steeds aangevuur gevoel het om selfs in oomblikke waar my moed of krag dreig om my te begewe, nie te verslap nie."<sup>52</sup>

Die Boereleiers het benewens hul voorbeeld die burgers op veral twee maniere beïnvloed om die stryd vol te hou, en dit was deur die hou van bemoedigende toesprake en die verspreiding van oorlogsberigte. Boeiende sprekers onder die Boereleiers het die bewondering en respek wat Afrikanerleiers oor die algemeen geniet het, benut om die burgers kragtig tot volharding aan te spoor. Hoedanig hul patriotisme deur leierstoepsprake aangevuur kon word, blyk uit 'n opmerking van Schikkerling by Pelgrimsrust vroeg in Mei 1902 nadat 'n gewese generaal, Lukas Meyer, hulle toegesprek het. Swaarkry en honger laat mens dikwels knak, skryf Schikkerling, maar as 'n aantal manne in 'n toespraak herinner word aan die glorieryke heldedade van hul voorsate raak hulle weldra manhaftig en trots, sodat hulle luidkeels skreeu dat die stryd tot die dood toe gevoer moet word.<sup>53</sup> Sô het talle Boereleiers hul burgers op welsprekende wyse aangemoedig. Met sy eenvoudige maar kragtige spreekstyl het De Wet sy burgers dikwels tot getrouheid aangespoor met uitsprake waarin godsdiens en nasionalisme verweef is, soos by geleentheid einde Julie 1900: ". . . Broeders, ons moet volhou! Die tyd sal kom, ek weet nie wanneer nie, maar ons moet veg, as God dit wil, tot ons kinders groot is. Ek is die laaste wat wens of glo dat dit sô lank sal duur. Maar as God wil, moet ons so lank veg. Dit is

48. Vgl. bv. TAB, A1643, War Office-aanwins, Lord Roberts Papers, 48, T. Kelly-Kenny – F. Roberts 17.9.1900, p. 157; *Ibid.*, 49, E.H. Dalgety – Roberts, 26.9.1900, pp. 79-80; *Ibid.*, H. de B. de Lisle – Roberts, 26.9.1900, p. 83; *Ibid.*, J. French – Roberts, 1.9.1900, p. 132; *Ibid.*, 50, Barter – Roberts 19.9.1900, p. 15; *Ibid.*, Barter – Roberts, 26.9.1900, p. 19; E. Wallace, *Unofficial despatches* (London, 1901), pp. 237-238.

49. TAB, A117, Kol. D. Reitz-aanwins, S.W. Burger – H.H. Kitchener, 5.9.1901.

50. Private versameling, Mev. M. van Bergen, *De Brandwacht*, 25.4.1901; A.G. Oberholster, 28.4.1902, p. 373.

51. F. Pretorius, "Kommandolewe", pp. 252-255; TAB, A356, Dr. H.D. van Broekhuizenversameling, 9, Si Omong, "Met genl. de Wet in den Vrystaat", p. 14; TAB, Prellerversameling, 225, pp. 157-158; *Ibid.*, 226, pp. 17-18; A.P. Smit & L. Maré, *Die beleg van Mafeking* (Pretoria, 1985), 5.12.1899, pp. 134-136; H. Verloren van Themaat, *Twee jare in den Boerenoorlog* (Haarlem, 1903), pp. 334 en 336; D.S. van Warmelo, p. 30; D. Reitz, p. 107.

52. J.A. Smith, *Ek rebelleer*, 3e uitg. (Kaapstad, 1946), pp. 133-134.

53. R.W. Schikkerling, 3.5.1902, pp. 386-387.

ons heilige plig, want ons veg vir 'n heilige en regverdige saak . . .”<sup>54</sup> In Oktober 1900 het pres. Steyn en Louis Botha kragtige toesprake voor 'n groot vergadering op Nylstroom gehou, waarin die burgers gemeen is om hul plig te doen “en in den ongelijke strijd getrouw te blijven, omdat het bestaan van ons volk van hun plichtsvervulling en hun trouw afhing.”<sup>55</sup>

Die leiers het hul burgers ook met die voorlees van amptelike oorlogsberigte van die Republikeinse regerings aangespoor om vas te staan. In 'n oorlogsberig van 30 Mei 1901 het Staatssekretaris F.W. Reitz van die ZAR ná die verskaffing van bemoedigende berigte afgesluit dat die Regering nog vele ander gunstige rapporte van Steyn en Vrystaatse offisiere ontvang het “waaruit wy overtuigd zyn dat het misdadig zou zyn van ons om zelfs er aan te denken om dezen stryd op te geven. Daarom is de ernstige wensch en raad van de Regeering dat alle burgers en officieren zullen blyven volharden.”<sup>56</sup> Die oorlogsberigte het belangrike propaganda-waarde besit en het naas waarhede ook halwe waarhede en blatante onwaarhede bevat. Soms is Britse nederlae oordryf en Boereterugslae eufemisties gestel of as oorwinnings voorgedra. In Februarie 1901 skryf Schikkerling sinies in sy dagboek dat die oorlogsberigte wat aan hulle voorgelees word, deur die Regering opgewarm en aan hulle opgedis word.<sup>57</sup> Benewens nuus van die onderskeie oorlogsterreine af, het die oorlogsberigte buitelandse gebeure gedek wat op die duur en uitslag van die oorlog 'n invloed kon hê. Aspekte wat as bemoedigend voorgedra is, was die vordering van die Boeredeputasie onder leiding van Abraham Fischer in Europa en die VSA om die Boeresak aldaar te stel en intervensie van die regerings in die stryd te verkry; en Brittanje se probleme in Europa en Asië as gevolg waarvan hy glo bereid sou wees om die stryd in Suid-Afrika te staak – met die implikasie dat dit met behoud van die onafhanklikheid van die Republieke sal geskied.<sup>58</sup>

### Gunstige maar valse gerugte

'n Vyfde rede waarom die burgers bereid was om die stryd vol te hou en wat met die vorige saamgaan, was die talle gunstige maar valse gerugte wat in omloop was. 'n Noorse vrywilliger by die Wes-Transvalers in die guerrillafase, Ingvald Schröder-Nielsen, reken dat baie van die gerugte onder die burgers versprei is as “amptelike mededelings”, waarmee bedoel is dat dit goddelike waarheid is en dat niemand dit mag betwyfel nie.<sup>59</sup> Hierdie gerugte, of riemtelegramme soos die burgers dit genoem het, het geweldig vinnig versprei.<sup>60</sup> Marthinus Viljoen skryf in September 1901 oos van Ermelo in sy dagboek dat hy 'n brief van Middelburg ontvang het waarin onder meer gestaan het dat die Franse Delagoabaai gekoop het, dat pres. Kruger daar gereed staan met al die kanonne wat in die loop van die oorlog onderweg na die ZAR gekonfiskeer is, en dat Rusland, Frankryk en die VSA die Boere gaan help. Die volgende

54. J.J. Oberholster, 28.7.1900, pp. 92-93. Vgl. C.C.J. Badenhorst, p. 29.

55. B.J. Viljoen, *Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog* (Amsterdam, 1902), p. 153. Vgl. TAB, Prellerversameling, 61, Dagboek van Gustav Preller, 16.7.1901, pp. 38-42 en D. Reitz, p. 138 vir verdere voorbeelde.

56. TAB, Prellerversameling, 21, Oorlogsbericht, F.W. Reitz, Ermelo, 30.5.1901, p. 106.

57. R.W. Schikkerling, 25.2.1901, pp. 145-146. Skrywer hoop om later in 'n artikel hierop terug te kom.

58. Vgl. bv. W.K. Hancock & J. van der Poel, I, pp. 398 en 401-402; D.S. van Warmelo, p. 79; TAB, A1048, J.G. de Jager-aanwins, 1, 3.7.1900, pp. 88-89; J.J. Oberholster, 30.7.1900, p. 96; TAB, Prellerversameling, 60, Dagboek van Gustav Preller, 15.11.1900, pp. 141-142; TAB, A239, Maj. A.L. la C. Bartrop-aanwins, M.T. Steyn, Senekal, 14.4.1901.

59. C. de Jong, *Skandinawiërs in die Tweede Anglo-Boere-Oorlog* (Pretoria, 1987), III, p. 102.

60. A. Kuit, *Transvaalse verskeidenheid* (Pretoria, 1940), p. 33; O.J.O. Ferreira, *Memoirs of General Ben Bouwer* (Pretoria, 1980), p. 137.

dag verneem hy naby Amsterdam dat dié inligting wat van hom afkomstig was, aanvaar word as 'n amptelike rapport wat die Regering ontvang het.<sup>61</sup> Ander valse gerugte het sulke wilde verhale ingesluit soos dat daar met die slag van Donkerhoek 1 500 Britse troepe en veertig offisiere buite geveg gestel is,<sup>62</sup> terwyl die werklike getal minder as twee honderd was;<sup>63</sup> dat Johannesburg teen September 1900 deur die Boere herower is;<sup>64</sup> en dat daar in Julie 1901 20 000 Franse met 'n aantal kanonne by Komatipoort gereed staan om die Boere te help.<sup>65</sup> Dit was veral die minder ontwikkelde burgers wat hierdie soort gerugte vir die waarheid geneem het.<sup>66</sup> 'n Algemene manier om te bly hoop en maar aan te hou, was die talle valse vredespraatjies wat gedurig in omloop was.<sup>67</sup>

Volgens die joernalis en later bekende fiksie-skrywer, Edgar Wallace, is die bedreiging wat 'n Britse oorwinning vir die Boer se taal ingehou het en die gevaar van gelykstelling met die swartes aan die burgers as motivering voorgelê om aan te hou veg.<sup>68</sup> Die enigste verwysing daarna op kommando wat opgespoor kon word, is afkomstig uit die kommandobladdie, *Die Spook*, van 26 September 1900. Daarin het die redakteur, C.F.L. Rademeyer van die Middelburgkommando, opgemerk: "Verder vra ek nog my ou neef of jy . . . op die selde bank in die kantoor neffens outa Johannes sal sit, en of jy sal uithou dat outa Joosop ver jou sal seh 'jy en jou vervlakste boer jys nie nou baas nie.' As jy verplig word jou kinnere skool toe te stuur sal dit lekker wees om te sien hulle sit tussen klein Kameel, Kaatjie en Kamboes? . . . Dus slaap nie."<sup>69</sup>

### Vrees vir krygsgevangeneming

'n Sesde rede vir sommige burgers om tot die einde op kommando te bly, was die vrees vir krygsgevangeneming. Op 24 Februarie 1900, terwyl Roberts se mag al digter om die vasgekeerde Boerelaer van Cronjé by Paardeberg sluit, teken Hugo H. van Niekerk van die Bloemfonteinkommando in sy dagboek aan dat hulle sit en gesels oor die enigste onderwerp waaroor hulle die afgelope tyd gereeld praat, naamlik verlossing of gevangeneming. "Ik weet niet waarom een boer zoo bang is voor vang", skryf hy. 'n Burger vertel dat as hy so stil sit, dan bid hy altyd: "Ach, Heer laat hul mij toch niet vang."<sup>70</sup> Drie dae later het Cronjé oorgegee en is hulle as krygsgevangenes eers na Groenpunt en toe na St. Helena gestuur. Einde April 1900 het 'n Nederlander op kommando aan sy vader geskryf dat die nuus van die versending van die krygsgevangenes na St. Helena 'n kreet van verontwaardiging in alle laers laat opgaan het, sodat hulle besluit het om hulself nie somaar oor te gee nie.<sup>71</sup>

61. TAB, W81, Viljoen-aanwinst, 3, M.J. Viljoen, Dagboek no. 7, 25-26.9.1901; Ibid., 7, M.J. Viljoen - P.R. Viljoen, 4.10.1901. Vgl. TAB, A284, P.R. de Villiersversameling, 8, Herinneringe van De Villiers pp. 149-151.

62. TAB, A1048, J.G. de Jager-aanwinst, Dagboek van De Jager, 1, 20.6.1900, p. 84.

63. A.E. Breytenbach, "Die slag by Donkerhoek" (Ongep. MA-verhandeling, Unisa, 1979), p. 152.

64. TAB, A1048, J.G. de Jager-aanwinst, Dagboek van De Jager, 1, 18.9.1900, p. 140.

65. TAB, W81, Viljoen-aanwinst, 3, M.J. Viljoen, Dagboek no. 6, 3.8.1901.

66. TAB, Prellerversameling, 80, Herinneringe van L.E. Krause, p. 573; D.S. van Warmelo, p. 43; TAB A1048, J.G. de Jager-aanwinst, Dagboek van De Jager, 1, 18.9.1900, p. 140.

67. Vgl. bv. A.G. Oberholster, 5.4.1902, p. 363, 20.4.1902, pp. 369-370, 23 en 24.4.1902, p. 371 26.4.1902, pp. 371-372 en 28.4.1902, pp. 372-373; TAB, W81, Viljoen-aanwinst, 3, M.J. Viljoen Dagboek no. 10, 20-22.4.1902.

68. E. Wallace, p. 214.

69. TAB, A1231, Dr. J.H. Breytenbach-aanwinst, 1, *Die Spook*, 26.9.1900, pp. 61 en 62-63.

70. M.C.E. van Schoor, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk* (Bloemfontein, 1972), 24.2.1900, p. 31.

71. VAB, O.M.V., 155/28/3 (a), Barones E. D'Aulris de Bourouill-versameling, Ene Carel - Vader 28.4.1900.

Die vrees vir krygsgevangenskap en veral om oorsee gestuur te word, het nie in die guerrillafase afgeneem nie. In September 1900 het kol. E.H. Dalgety, bevelvoerder van die Colonial Division, van Koppies af aan Roberts berig dat kmdt. L.P. Steenkamp se Heilbronburgers baie gedemoraliseer is, maar dat hulle die wegvoer na die krygsgevangekampe vrees en dus liever op kommando uithou.<sup>72</sup> Wynand Malan, aanvanklik lid van kmdt. Danie Theron se verkenningskorps en later self generaal in die Oos-Kaap, meld 'n paar keer in sy herinnering van die vrees wat hy en sy makkers vir krygsgevangening gehad het. Nadat 'n Britse kolonne vroeg in November 1900 die kommando by De Wet naby Bothaville oorval en 'n aantal regeringslede en burgers krygsgevangene geneem het, teken Malan aan dat die vernedering wat hulle dié dag beleef het, hom só ontmoedig het dat hy vir die eerste maal aan oorgawe gedink het. Dit was 'n mening wat deur sy vyf makkers gedeel is. "Die gedagte dat ons binne afsienbare tyd op Ceylon of 'n ander ballingsoord sou sit, was egter vir ons te veel, dus het ons besluit om maar weer agter die kommando aan te gaan", voeg hy by.<sup>73</sup>

Ook tydens De Wet se twee mislukte invalspogings in die Kaapkolonie in Desember 1900 en Februarie 1901 was daar blyke van vrees by die burgers vir gevangening, sodat hulle maar op kommando volhard het. Verskeie burgers wat in groepies van die hoofmag afgesny was, het teen elke prys probeer om weer by De Wet aan te sluit of op hul eie hul weg na die Vrystaat terug te vind. Hendrik Verloren van Themaat, 'n Nederlandse vrywilliger, was teenwoordig om die toneel te beskryf toe 'n Britse bombardement die burgers op 11 Desember 1900 benoud gelaat het: "Daar vliegen reeds een paar bommen over den rand en barsten vóór ons; de angstige pakt de voetgangers; hoe draven de oude oompies en de jongkerels met hun versleten schoenen over de klippen; behalve geweer en patroonband dragen ze hun kombaarzen, sommigen zelfs hun zaals op den rug; nu zijn ze bevreesd gevangen te zullen worden en daarvoor zijn velen banger dan voor den dood."<sup>74</sup>

Die posisie van die burgers wat as enkelinge wapenneerlegging oorweeg het, het in die laaste ses maande versleg, aangesien Kitchener in Desember 1901 aan die bevelvoerders van kolonnes opdrag gegee het om burgers wat as enkelinge die wapen kom neerlê het, voortaan as krygsgevangenes en nie as wapenneerlêers te beskou nie. Dit is egter nie konsekwent deur alle bevelvoerders toegepas nie.<sup>75</sup>

### Die houvas van die groepsgevoel

As 'n sewende rede waarom die burgers op kommando gebly het, moet die betekenis van die groepsgevoel nie onderskat word nie. In hul ondersoek na die posisie van die Duitse en Amerikaanse soldate in die laaste fase van die Tweede Wêreldoorlog en ook van Amerikaanse soldate in Korea en Viëtnam het historici die waarde van wat hulle noem die "primary group cohesion" in die gevegsituasie beklemtoon.<sup>76</sup> Hierdie groepsgevoel wat die soldaat tydens 'n gevegsituasie in die stellings gehou het, het ook die burger in die Anglo-Boereoorlog op kommando gehou. Vanweë die omstandighede het daar trouens 'n sterk groepsgevoel op kom-

72. TAB, A1643, War Office-aanwins, Lord Roberts Papers, 49, E.H. Dalgety – F. Roberts, 24.9.1900, p. 70.

73. H.J.C. Pieterse, *Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan* (Kaapstad, 1941), p. 116. Vgl. F. Pretorius, "Kommandolewe", p. 246.

74. H. Verloren van Themaat, p. 236. Kyk ook O.T. de Villiers, *Met de Wet en Steyn in het veld* (Amsterdam, 1903), p. 89 en V. Pohl, *Adventures of a Boer family* (London, g.d.), p. 103.

75. A.M. Grundlingh, p. 137.

76. R.H. Kohn, "The social history of the American soldier", *American Historical Review*, 86(3), Junie 1981, p. 561.

mando ontstaan wat vir die burger 'n gevoel van geborgenheid gegee het.<sup>77</sup> Kameraadskap en die vrees om alleen tussen vreemdes te wees, het 'n belangrike rol gespeel. Soos die soldate van die Frontier Army in die VSA in die tweede helfte van die 19de eeu verenig is deur die “solitude of their mutual existence”,<sup>78</sup> is die burger op kommando deur die behoefte aan sy kamerade aangetrek. Toe daar in Januarie 1901 onder die Wes-Transvalers 'n lys van gewilliges opgestel word vir die beoogde inval in die Kaapkolonie, teken Jan Celliers in sy dagboek aan dat, aangesien sy maats almal eenstemmig inwillig, hy ook maar sal saamgaan, om nie weer alleen onder vreemdelinge te verkeer nie.<sup>79</sup>

In baie gevalle het die groepsgevoel met 'n pligsbesef saamgehang. Andries de Wet van die Potchefstroomkommando het in Desember 1899 aan sy vrou geskryf dat hy graag tuisverlof sal wil hê, maar hy dink dat hy later weer sal verlang om na die oorlogsterrein terug te keer. Dit sal vir 'n opregte Afrikaner swaar wees om tuis te bly “terwijl zoovelen honger, hitte, dorst, ongemak, kogels en donderen moeten doorstaan.”<sup>80</sup> Ds. E.C. Anderssen van Vryheid wat een van die sewe predikante was wat tot aan die einde met die burgers op kommando was, het later erken dat die vrees dat hy ontrou mag wees, hom bewustelik of onbewustelik beïnvloed het om op kommando te bly.<sup>81</sup>

Met hul lewenservaring en hul vermoë om dissipline af te dwing,<sup>82</sup> het ouer burgers ook 'n rol in die bevordering van die groepsgevoel en volharding in die stryd gespeel. Louis Bothma van die Carolina-kommando vertel van die inspirasie wat die ouer, ervare burgers vir hulle jongeres was, terwyl 'n onbekende Nederlander van dieselfde kommando in Mei 1900 in sy dagboek aangeteken het dat die ouer burgers die jongeres in die spanningsvolle dae in Natal moed inpraat om tot die einde te volhard.<sup>83</sup> Daarbenewens het familiebande – 'n Noorse vrywilliger, Ingvald Schröder-Nielsen, het dit familietug genoem<sup>84</sup> – 'n belangrike rol gespeel om die burger op kommando te hou. In die korporaalskappe was die familieverwantskap groot en het 'n vader oor die algemeen sy patriargale gesag laat geld. Waar sy pligsbesef hom op kommando gehou het, sou dit sy seuns meestal beïnvloed om dieselfde te doen.

Daar was klaarblyklik egter ook 'n gemeenskapswang wat die burger op kommando gehou het. Hy wat nie gedeel het in die opwelling van vaderlandsliefde en nasionalisme nie, het ondervind dat dit vir sy behoud beter is om op kommando te bly. Dwang deur die leiers het hierin geen geringe aandeel gehad nie. In November 1900 het P.J. du Toit van die Potchefstroomkommando in sy dagboek aangeteken: “I find that there is absolutely no go in our men anymore. They have got as much inclination for fighting as my foot. This I have noticed during the last couple of skirmishes. Then why prolong the agony and allow the country to go to ruination and poverty? The sooner there is put a stop to the war, the better. But how? We are under strict control and orders of our generals and if one deserts, your property is confiscated by your own people.”<sup>85</sup> Ses maande later het Du Toit ná vele geesteswroeginge die wapen neergelê.

77. F. Pretorius, “‘n ‘Broederskap van selfopoffering en diens’? Verhoudinge tussen die burgers op kommando gedurende die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902”, *Historia*, 34(2), November 1989, p. 95.

78. O. Knight, *Life and manners in the Frontier Army* (Norman, 1978), pp. 3-4.

79. A.G. Oberholster, 18.1.1901, p. 197.

80. TAB, A1379, A. de Wet-aanwings, A. de Wet – Vrou, 29.12.1899.

81. E.C. Anderssen, *Die verlede herleef* (Johannesburg, 1943), p. 8.

82. F. Pretorius, “‘n ‘Broederskap’”, *Historia*, 34(2), November 1989, pp. 101-104.

83. TAB, Prellerversameling, 225, Herinneringe van L. Bothma, p. 177; TAB, A865, F.J. Grobler-aanwings, A2/e, Dagboek van onbekende Nederlander, 7.5.1900.

84. C. de Jong, III, p. 88.

85. J.P. Brits, *Diary of a National Scout* (Pretoria, 1974), 25.11.1900, p. 27.

## Die lewe op kommando het 'n lewenswyse geword

Oorlogvoer is nes jag: as 'n mens eers daarmee begin, kry jy nie genoeg nie, het Wynand Malan van sy aandeel aan die Anglo-Boereoorlog gesê,<sup>86</sup> en daarmee vir ons 'n agtste en belangrike rede verskaf waarom sekere burgers tot die einde op kommando gebly het. Die kommandolewe het vir menige burger 'n lewenswyse geword wat hy nie in die burgerlike lewe maklik weer sou kon vind nie. Verloren van Themaat het in November 1900 aangeteken: "Ondanks al ons geklaag houden we van dit rondgerij over het vrije, open veld, van dit leven bij den dag, waarin men het verleden spoedig vergeet en om de toekomst zich niet bekommert; 's avonds moe, maar 's morgens frisch, opgewekt als er goede kost is, gehard tegen vermoeyenis, gelaten bij tegenslag. Elken dag brengt zijn werk mee; is dit gedaan, dan kan men doen wat men wil, al is het luieren op zijn rug in het gras – zoo is ons leven."<sup>87</sup> Die lang tye wat daar dikwels in die guerrillafase sonder kontak met die vyand verloop het, veral in afgeleë gebiede, het meegebring dat die lewe op kommando weinig meer as 'n oorlewingskrisis geword het waarin die vyand skaars 'n rol gespeel het. En in hierdie toestand het die kommandolewe vir die burger 'n vastigheid gebied. Toe hy in 1901 'n paar maande tuis in die Wolmaransstaddistrik was tot dat sy vader se beseerde hand herstel het, het J.F. van Wyk na die lewe op kommando verlang.<sup>88</sup> En in Oktober 1901 het Jan Celliers in sy dagboek geskryf: "Een stoïsche verharding wordt meer en meer bij mij tweede natuur. De smart vermindert daardoor; maar God weet of ik ooit weer de ruwe beestachtigheid, de stompe onverschilligheid, de slappe, moedwillige gedachteloosheid zal kunnen afschudden van mijne ziel indien het Hem mocht behagen mij eens weer terug te geven aan die mij liefhebben."<sup>89</sup> Robert de Kersauson de Pennendreff, wat tussen Julie 1901 en Maart 1902 met boodskappe vir pres. Kruger in Europa van sy kommando in die Noordwes-Kaap weg was, vertel in sy dagboek dat die eerste paar weke van sy missie vir hom aangenaam was, aangesien hy vry van die stremming van die oorlog was. Gou het die ledigheid hom egter begin verveel, en het hy verlang om weer deel te neem aan die veeleisende maar opheffende kommandolewe saam met sy maats.<sup>90</sup>

Die traagheid om die kommandolewe vaarwel toe te roep, kom waarskynlik die beste na vore in die herinnering van J.P. Bredell wat vir Smuts kort na die oorlog in 'n prokureurskantoor op Kerkplein in Pretoria besoek het. Smuts het opgemerk: "Ek het nou net gesit en dink dat ek honderd maal liever in Namakwaland wil wees of in die Boesmanland met vier sinkplate oor my kop vir skuiling as hier op die oomblik." Bredell het met hom saamgestem en later in sy herinnering opgeteken: "Ek vra hom nie waarom nie, want ek kon sien dat sy gedagte ver weg was na ons omswerwe waar daar tog rus was saans as die vuur dood is en jy lê, al was dit in die ope vlakte, met een kombers oor jou; dan was daar tog vrede en rus vir die mens. Dit was dan ons algemene toestand van die gemoed na die oorlog – liever in 'n woestyn met vrede [in jou hart] as in 'n stad met 'n beswaarde gemoed."<sup>91</sup>

## Die Vrede

Daar het egter 'n stadium gekom, en dit was in Mei 1902 by Vereeniging, dat die Boereleiers tot die besef gekom het dat die bitter einde nou aangebreek het. Ofskoon hierdie besef hulle aan die hart gegryp het, was daar die oordeel dat verdere weerstand vergeefs sou wees. En soos wat

86. H.J.C. Pieterse, *Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan*, p. 33.

87. H. Verloren van Themaat, p. 216.

88. J.F. van Wyk, p. 101.

89. A.G. Oberholster, 9.10.1901, p. 300.

90. R. de Kersauson de Pennendreff, 10.12.1901, p. 96.

91. RGN, Herinnering van J.P. Bredell, pp. 195-196.

die “Bittereinders” in die voorafgaande maande voldoende rede gehad het om te glo dat hulle op kommando moet bly, het die Boere-afgevaardigdes by Vereeniging besluit om die Britse voorwaardes vir die beëindiging van die stryd te aanvaar. In ’n dokument wat deur genls. Smuts en J.B.M. Hertzog opgestel is, het die Boere-afgevaardigdes ses redes aangevoer waarom hulle op vrede besluit het en só die onafhanklikheid van die Boererepublieke prysgee. Ten eerste, die algehele verwoesting van die grondgebied van die Republieke, met die afbranding van plase en dorpe en die vernietiging van lewensmiddele wat nodig is vir die Boerevroue en -kinders in die veld en die burgers op kommando; ten tweede, die lyding en sterftes van die vroue en kinders in die konsentrasiekampe; ten derde, die bedreiging wat gewapende swartes as deelnemers in die stryd teen die Boere bied; ten vierde, die Britse proklamasies wat dreig om die burgers van hul eiendom te ontnem; ten vyfde, die onvermoë van die kommando’s om enige Britse krygsgevangenes aan te hou, terwyl gevange burgers na krygsgevangekampe in die buiteland gestuur word en slegs ’n klein gedeelte van die oorspronklike Boerekrygsmagte nog in die veld is; en ten sesde, dat die oorblywende burgers teen ’n geweldige oormag van die vyand veg en bowendien die noodsaaklike lewensmiddele moet ontbeer, en dat hulle, niesteenstaande alle pogings en opofferings, geen kans op ’n oorwinning meer voorsien nie.<sup>92</sup>

Nadat die vredesooreenkoms die aand van 31 Mei 1902 in Pretoria deur die verteenwoordigers van Brittanje en die verslane Boererepublieke onderteken is, was dit die taak van die Boere-afgevaardigdes om die uitslag aan die burgers op kommando te gaan bekendmaak. Die nuus was verpletterend. Met die aanhoor daarvan kon baie burgers nie glo dat hulle nou Britse onderdane was nie. Sommige het in tranes uitgebars, andere het uitgeroep dat hulle hul geloof in God verloor het. Die meeste wat die oorlog as gelowiges binnegegaan het, het egter hul geloof in hul Skepper behou: die verlies van hulle vryheid was Sy wil; Hy sal eendag geregtigheid laat geskied, het hulle gevoel.<sup>93</sup>

---

92. J.D. Kestell & D.E. van Velden, pp. 209-210. Kyk F. Pretorius, “Kommandolewe”, pp. 457-460.

93. Kyk F. Pretorius, “Kommandolewe”, pp. 460-465 vir verdere reaksie.